

DIE SMART VAN KINDERLOOSHEID

AANNEMING

As jong maatskaplike werker het ek reeds beleef dat daar HOOP is vir kinders in nood. In 'n onderhoud met 'n egpaar wat graag 'n dogtertjie wou aanneem moes ek aan hulle noem dat babas vir aanneming baie skaars is en dat hul kanse dus nie goed is nie, maar dat ek wel by hulle 'n pleegouerkeuring kan doen en hul name op die waglys plaas met die oog op 'n moontlike langtermyn pleegplasing. Daardie selfde week laat weet ons hoofkantoor dat 'n babadogtertjie van nege maande oud aanneemouers benodig. Dit sou aanvanklik 'n pleegplasing wees, wat later in aanneming kon oorgaan. Klein Nika (nie haar regte naam nie) is met groot vreugde ontvang en later deur haar pleegouers aangeneem.

Kinderlose egpare is dikwels vasgevang tussen hoop en wanhoop. Opgewondenheid oor die moontlikheid van 'n swangerskap word gevolg deur teleurstelling, smart, verlies en mismoedigheid wat hulle met die hulp van familie en vriende moet verwerk. Daarteenoor kom onbeplande of ongewenste swangerskappe voor en kinders wat liefdevolle ouers nodig het word gebore.

Aanneming bied 'n werkbare oplossing - vir mense wat leef met kinderloosheid en vir kinders wat ouers benodig.

Die proses van aanneming

Aanneming is moeilik, maar die moeite werd. Redes wat aanneming kompliseer is:

- Dis 'n regsproses wat tydsame hofprosedures behels om te verseker dat die aanneming wettig is;
- Dis is 'n proses wat die regstatus van 'n kind wysig en dus in diepte ondersoek en voorbereiding regverdig;
- Dis 'n lewensveranderende gebeurtenis wat impak het op die lewens van baie mense. Die behoeftes en regte van elk van hierdie persone wat daardeur geraak word, moet in ag geneem en op die bes moontlike manier hanteer word.

Die eerste stap vir persone wat 'n kind wil aanneem is om kontak te maak met 'n maatskaplike werker in diens van 'n organisasie, soos CMR Mpumalanga, wat geakkrediteer is om aannemings te hanteer, of 'n maatskaplike werker in privaatpraktyk wat vir aannemings geakkrediteer is. Die maatskaplike werker sal die nodige kriteria deurgee, asook inligting oor die keuringsprosedure en ook die nodige dokumentasie. Indien daar aan die kriteria voldoen word, volg 'n keuringsproses.

Die keuringsproses sluit oriëntering in, onderhoude met die maatskaplike werker, mediese verslae, verhoudings- en sielkundige assesserings, tuisbesoeke, polisieklaring en die opvolg van referente. Deur hierdie proses leer die maatskaplike werker die voornemende aanneemouers ken, kan sy hul motivering verstaan en hul vermoë om aan 'n kind 'n warm, liefdevolle en stabiele huis te bied evalueer.

Na die keuring van die voornemende aanneemouers volg 'n voorbereidingsproses vir die plasing van 'n kind. Hulle ontvang (onder andere) ook leiding oor hoe om die betrokke kind te vertel van sy/haar aanneming.

Wanneer 'n baba beskikbaar word vir aanneming, word al die gekeurde persone op die waglys oorweeg deur die proses van *passing*. Dit beteken dat die baba geplaas word by ouers en gesinne waar hy/sy die beste sal 'pas'. Die biologiese ouers en voornemende aanneemouers se omstandighede word bymekaar 'gepas' soos die stukkies van 'n legkaart. Faktore wat in ag geneem

word is onder andere godsdienstige en kulturele groep, geografiese afstand tussen biologiese en voornemende aanneemouers, persoonlikheid, talente en fisiese voorkoms. Die voorkeure van die voornemende aanneemouers word ook in ag geneem, bv. die ouderdom en geslag van die kind.

Na afloop van die passing is die hoogtepunt natuurlik wanneer die baba by die ouers geplaas word. Die nodige verslae om die aanneming te finaliseer word voorts aan die Kinderhof voorsien en 'n aannemingsbevel word uitgereik. Die aannemingsbevel en alle dokumentasie word egter eers na die Registrateur van Aannemings gestuur om te verseker dat al die prosedures gevolg is, en indien wel, word die aanneming geregistreer. Die aannemingsbevel word dan aan die aanneemouers voorsien.

Pleegsorg as opsie

Pleegplasing van kinders word hanteer deur 'n kinderbeskermingsorganisasie soos CMR, SAVF, Kindersorg of die Departement Maatskaplike Dienste. Pleegsorg is die tydelike plasing van 'n kind wat sorg en beskerming benodig. Voornemende pleegouers se motiewe moet suiwer wees en hulle moet aan 'n kind in nood 'n stabiele en liefdevolle ouerhuis bied. Die betrokke organisasie doen ook 'n keuring van voornemende pleegouers.

Pleegsorg is in wese 'n nie-permanente alternatiewe plasing van 'n kind wie se ouers om verskeie redes nie in staat is om die kind te versorg nie. Tydens die pleegplasing word gesinsherenigingsdienste by die biologiese ouers gelewer waarin die kontak tussen die biologiese ouers en die kind aangemoedig word, met die oogmerk dat die kind moontlik sou kon terugkeer na sy/haar ouers. Alhoewel 'n pleegsorgbevel normaalweg nie vir langer periodes as twee jaar gemaak word nie, maak die ¹Kinderwet voorsiening dat die bevel onder sekere omstandighede verleng kan word totdat die kind die ouderdom van 18 jaar bereik. Die doel hiermee is om stabiliteit in die kind se lewe te skep.

Daar is kinders wat pleegsorg benodig waar die kanse vir 'n langtermyn- of permanente plasing baie goed is. Plasing van kinders in hierdie omstandighede moet egter met baie groot omsigtigheid en bekwaamheid hanteer word. Dit skep wel die moontlikheid dat 'n langtermyn pleegplasing later kan oorloop in aanneming. Sodoende kan dit 'n uitkoms bied vir kinderlose mense, asook vir 'n kind wat ouers en 'n huis benodig.

Wetlike bepalings

Die doel van aanneming is in gevolge Artikel 229 van die Kinderwet:

1. Om kinders te beskerm en te versorg deur 'n veilige, gesonde omgewing met positiewe bystand te verskaf; en
2. Om die doelwitte van permanensiebeplanning te bevorder deur kinders te verbind met ander veilige- en versorgende familie verhoudinge wat bedoel is om 'n leeftyd te hou.

Wanneer kan 'n kind aangeneem word?

In gevolge van Artikel 230 van die Kinderwet kan enige kind aangeneem word as:

1. Dit in die beste belange van die kind is;
2. Die kind aanneembaar is; en
3. Daar voldoen is aan die vereistes van Hoofstuk 15 van die Kinderwet wat handel oor aanneming.

¹ Kinderwet verwys na die Children's Act, Act 38 of 2005

‘n Maatskaplike werker bepaal of ‘n kind aanneembaar is deur te kyk of die kind voldoen aan die vereistes soos gestel in die Kinderwet.

Wie mag ‘n kind aanneem?

Artikel 231 van die Kinderwet bepaal dat ‘n kind aangeneem kan word deur:

1. ‘n getroude man en vrou gesamentlik;
2. vennote in ‘n permanente huishoudelike lewensvennootskap (saamwoonverhouding) gesamentlik;
3. ander persone wat ‘n gemeenskaplike woning deel en ‘n permanente familie eenheid vorm, gesamentlik;
4. ‘n weduwee, wewenaar, ‘n geskeide of ongetroude persoon;
5. ‘n getroude persoon wie se gade die ouer is van die kind of ‘n persoon wie se permanente saamwoon vennoot die ouer is van die kind;
6. die biologiese vader van ‘n buite-egtelike kind;
7. ‘n pleegouer van die kind.

Artikel 231 bepaal verder dat aanneemouers:

1. geskik en gepas moet wees om toevertrou te word met volle ouerlike verantwoordelikhede en regte ten opsigte van die kind;
2. gewillig en in staat moet wees om die verantwoordelikhede en regte te onderneem, uit te oefen en te behou;
3. oor die ouderdom van 18 jaar moet wees; en
4. behoorlik geassesseer deur ‘n aannemingsmaatskaplikewerker vir voldoening van paragrawe 1 en 2.

Prakties word die aansoek om ‘n kind aan te neem by die klerk van die Kinderhof ingedien, waarna die ondersoek en verslag in voorgeskrewe formaat met al die wetlike aspekte en dokumente volg. Die nodige toestemming vir die aanneming van die kind word ook deur die hof hanteer in noue samewerking met die maatskaplike werker wat die saak bestuur.

Pastorale aspekte

Indien dit die aard van die kinderbeskermingsorganisasie is wat die aanneming hanteer, word die aanneemouers na hul leraar en geloofs familie verwys vir geestelike ondersteuning. Die leraar word ook in die ondersoek en begeleiding van die aanneemouers betrek. Anneemouers word aangemoedig om by ‘n gepaste ondersteuningsgroep in te skakel en om werkswinkels of seminare wat op die ondersteuning van aanneemouers en –kinders fokus, by te woon.

Vandag is ek ‘n senior maatskaplike werker wat in my loopbaan betrokke was by verskeie aannemings. Ek kan getuig dat daar HOOP is. Ek het beleef hoe maatskaplike werkers doodloopstrate bereik met kinders wat geen heenkome het nie – en hoe die Here pleeg- en aanneemouers voorsien, op sy perfekte tyd. Die pas afgelope week is ‘n weggooibaba met die grootste vreugde en liefde deur aanneemouers ontvang. Sy liefde en genade is daar – vir die stukkend en seer van hierdie wêreld – en ook in komplekse wetlike prosesse.

KONTAKBESONDERHEDE:

CMR Mpumalanga se aannemingsdiens is gebaseer op Christelike waardes en die belange van biologiese ouers, aanneem ouers en kinders word in ag geneem. Navrae kan gedoen word by ons hoofkantoor in Middelburg by (013) 243 4776 of per e-pos by sekrm@cmroos.co.za

Supervisor vir aannemings: Magriet Pretorius

Sonja van Niekerk, Maatskaplike werk Supervisor in diens van CMR Mpumalanga te Ermelo

Besoek ons webtuiste by cmr-mpumalanga.co.za

Verdere inligting oor aanneming kan verkry word op die webtuiste van *The National Adoption Coalition of South Africa (NACSA)* by <https://adoption.org.za>